

ROMANTIESE ROETE EN PASSIESPEL TOERPROGRAM

26 Augustus – 03 September 2022

Augustus

Vr 26 JOHANNESBURG – FRANKFURT

Ons ontmoet mekaar om **16:00** by Lufthansa se inweegtoonbanke op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** en vertrek om **19:00** met vlug **LH 573** na **Frankfurt**.

Sa 27 FRANKFURT – RÜDESHEIM

Ná aankoms om **05:35** in Frankfurt vertrek ons per luukse bus na **Rüdesheim** – een van die gewildste plekke vir toeriste van oor die hele wêreld. Ons verken hierdie interessante dorpie en kan o.a. die bekende museum van antieke musiekinstrumente (opsioneel) besoek. 'n Mens kan ook met 'n kabelspoorstoeltjie na die Niederwald Denkmal ry. Dié reusagtige monument wat oor die omgewing uittoon, is opgerig ter ere van die eenheid van Duitsland ná die Frans-Duitse oorlog van 1870/1. Op 'n 25,8 m hoë voetstuk staan die 10,5 m hoë Germania wat weswaarts kyk na waar die destydse Duitse Ryk aan albei kante van die Ryn tot ver in die huidige Frankryk gestrek het. Hiervandaan het 'n mens 'n pragtige uitsig oor die Rynvallei en die stad Bingen op die oorkantste oewer.

Dit is heerlik om gedurende die vrye tyd in Rüdesheim sommer op 'n mens se eie in hierdie toeristeparadys rond te dwaal en van die bekende riesling-wyn te geniet. Vanaand besoek ons 'n tipies-Duitse kuierplek en 'baljaar' saam met 'n Duitse oempa-orke. Ons oornag in Rüdesheim.

So 28 RÜDESHEIM – RYNVAART – HEIDELBERG – WIESLOCH

Vanoggend onderneem ons 'n bootvaart op die Ryn van Rüdesheim tot by St. Goarshausen, die sogenaamde Lorelei-stadjie. Die gedeelte van die rivier waarop ons vaar, vorm deel van die Ryn se kasteelroete en die kastele wat ons onderweg sien, het elk 'n eie verhaal.

Van St. Goarshausen reis ons per bus na **Heidelberg**, Duitsland se oudste universiteitstad. Ons onderneem 'n staptoer deur hierdie pragtige ou stad. Daar is geleentheid om die beroemde Heidelberg-kasteel te besoek en o.a. te gaan kyk hoe lyk die *Heidelberg Tun* (die wêreld se grootste wynvat) wat in die kasteelkelders gehuisves word.

Ons oornag 13 km suid van Heidelberg in Wiesloch – 'n klein stadjie met 'n inwonertal van sowat 26 800.

Ma 29 WIESLOCH – SWARTWOUD – KONSTANZ-MEER

Ná ontbyt vertrek ons na die **Swartwoud**, een van Duitsland se gewildste toeristebestemmings. Een van die dorpieë wat ons besoek, is **Triberg** – tuiste van Duitsland se hoogste waterval en die ideale plek om 'n koekoekhorlosie te koop en tradisionele swartwoudkoek te eet!

Ons ry tot by Konstanz aan die Konstanz-meer, waar ons die volgende twee aande oornag.

Di 30 KONSTANZ – MAINAU-EILAND – KONSTANZ

Vanoggend besoek ons die Mainau-eiland. Dié blomme-eiland is 'n stukkie immergroen paradys wat reg deur die jaar met 'n verskeidenheid blomme en bome in spesiaal ontwerpte patrone versier en in stand gehou word. Die eiland het 'n antieke kasteel, waar gereeld uitstallings gehou word asook 'n skoenlappertuin met tussen 700 en 1 000 skoenlappers! Terug na Konstanz vir aandete en oornag.

Wo 31 KONSTANZ – NEUSCHWANSTEIN-KASTEEL – OBERAMMERGAU

Onderweg na Oberammergau besoek ons die omgewing van Neuschwanstein, een van koning Ludwig II se drie sprokieskastele. Ons ry per bus na 'n spesiale uitkykpunt om 'n mooi blik op die prentjiemooi kasteel en pragtige omgewing te kry. Die toerleier sal vir u die tragiese verhaal van koning Ludwig II vertel.

Voort na Oberammergau, waar ons die volgende twee nagte in 'n naburige dorpie tuisgaan.

September**Do 01 OBERAMMERGAU**

Hierdie eg-Beierse dorpie is wêreldberoemd, nie net weens die **Passiespel** nie, maar ook as gevolg van die pragtige muurskilderye, ongelooflike houtsniewerk en blommeprag in die dorp. Oberammergau is ook 'n gewilde wintersport- en kuuroord en is 'n paradys vir natuurliefhebbers.

Vanoggend het ons tyd om hierdie skilderagtige dorpie te verken en inkopies te doen.

Vanmiddag breek die hoogtepunt van ons toer aan: Die tienjaarlikse Passiespel! Hierdie aangrypende uitbeelding van Jesus Christus se lyding, kruisdood, opstanding en hemelvaart word net elke tien jaar in Oberammergau aangebied. Die eerste gedeelte begin om **14:30**. Tydens pouse word aandete in 'n plaaslike restaurant of gastehuis bedien. Die tweede toneel begin om **20:00** en duur tot **22:30**. 'n Gratis pendeldiens vervoer gaste tussen die hotelle/gastehuse en die sentrum van Oberammergau.

Vr 02 OBERAMMERGAU – ZÜRICH – JOHANNESBURG

Ná ontbyt ry ons na **Zürich** vir ons aansluitingsvlug na Suid-Afrika. Ons vertrek om **22:40** met vlug **LX 288** na **Johannesburg**.

Sa 03 JOHANNESBURG

Ons land vanoggend om **09:10** op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** ná 'n wonderlike wegbreek en die aangrypende belewenis van die Passiespel in Oberammergau.

-oOo-